# GEBED EN UITREIK IN MAART :

# Hey! Brokkies Nuus Maart 2014

**Verlede maand is breedvoerig berig oor HEY! se fokus areas, wie die aanbieders is (ons hande en voete) en hoe proses verloop van aanbieder werf tot aanbieding plaasvind.** Die afgelope maand het egter twee hoogtepunte opgelewer en sonder om iets weg te neem van enige van die ander plekke waar HEY! op weeklikse basis werk word dit uitgelig!



Baie kinders het gevra vir gebed en ons BID !!



Dogters wie gekies het vir Jesus!



Gebed"Boiler room" by Danie Ackermann

**1.Week van gebed 10-14 Maart 2014 by Danie Ackermann primêr** HEY! het ingeskakel by die **Stellenbosch Gebedsnetwerk wie in** samewerking met **Jerigo Mure** vir herlewing gebid het 9-14 Mrt. **Dit het deel gevorm van beweging van 500 streke of dorpe in Suid-Afrika wat sedert begin 2013 'n soortgelyke week gehad het.** Met min tyd tot skole se beskikking het ons self by **Danie Ackermann** 'n **gebedslokaal (boiler room)** ingerig vir die week waartydens kinders in pouse kom bid het.Daar is krag in gebed: **James 5:16 "The earnest prayer of a righteous man makes tremendous power available [dynamic in its working]."** Die Here het werklik vir 'n baie spesiaal geseënde week gesorg en die kamer het behoorlik uit sy nate gebars! Die kinders het **gebedsversoeke** op papiertjies geskryf en vasgemaak aan toutjies wat van dak gehang het. Daar het heelwat **kinders hul harte vir die Here gegee** die week en ons bid vir elkeen van hulle se geestelike groei! Die passievolle aanbieders by die gr 5, 6 en 7 klasse het daagliks tyd ingeruim om te kom bid met die kinders. Sonder julle kon die week nie geslaag het nie. Ook dankie aan Tiaan en Stefan! Die stelling:**"He who is too busy to pray,will be too busy to live a holy life!"** het nuwe betekenis gekry! **Herlewing is hier,mense!** Soveel kinders wie vir 5 dae stroom vir gebed sonder enige trekpleister soos lekkertjie of iets kan net deur die Helige Gees geïnspireer wees! Ons land kan genees word:**1 Chronicles 7:14 "If My people, who are called by My name, shall humble themselves, pray, seek, crave, and require of necessity My face and turn from their wicked ways, then will I hear from heaven, forgive their sin, and heal their land."**



Geluk straal uit die gesigte!!

**2.…en herlewing onder tieners wie uitreik na plaaskinders in vakansie:**
Op 31 Maart het Bloemhof en Paul Roos jongmense uitgereik na die kinders by **Rustenhof plaas.** Daar is **gesing dat die dak lig, saam gespeel en gedans!** Die verhaal van die **vermeerdering van die 5 brode en 2 visse** is vertel. Dis tasbaar gemaak deurdat elke kind "wonderbaarlik" bedien is met vars Franse brode en marshmallow vissies (deur die "dissipels" uitgedeel) Hierdie jongmense kon baie ander dinge gedoen het, maar het gekies om Jesus se lig te laat skyn en glimlagte op die kinders se gesigte te sit! **"Dis saliger om te gee as om te ontvang"** is so waar. Almal wil weer so maak!



Louiso speel kitaar en ons dans te lekker ♥

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste**